(*a*) Die getal lede van die vakvereniging in die nywerheid en die gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word of in 'n afdeling van die nywerheid of gebied ten opsigte waarvan beswaar ingedien word op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die vervaldag van genoemde tydperk van sewe dae;

(*b*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet binne die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem;

(*c*) die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem; en

(*d*) die datum waarop die besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem betrekking het.

R. W. GRIEVE,
Nywerheidsregistrateur.

---

* No. 1544.] [5 Augustus 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN GELDIGHEIDSDUUR VAN DIE MOTORNYWERHEID-SIEKTEFONDSOOREENKOMS (OOSTELIKE PROVINSIE).

Ek, JOHANNES DE KLERK, Minister van Arbeid, verleng hierby kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, tot 30 November 1955 die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1732 van 20 Augustus 1954.

J. DE KLERK,
Minister van Arbeid.

---

* No. 1549.] [5 Augustus 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N WERKGEWERSORGANISASIE.

Ek, Robert William Grieve, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens subartikel (3) van artikel *vyftien* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat ek die registrasie van die „Uitenhage and Despatch Builders, Contractors and Alied Trades Association" met ingang van 25 Julie 1955 ingetrek het.

R. W. GRIEVE,
Nywerheidsregistrateur.

---

* No. 1559.] [5 Augustus 1955.

LOONWET, 1937.

LOONRAADONDERSOEK.—KLERASIENYWERHEID.—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Die Loonraad het 'n opdrag in verband met bogemelde Nywerheid ontvang en gee, kragtens subartikel (1) van artikel *elf* van die Loonwet, 1937, kennis dat hierdie ondersoek begin het en dat die Raad mettertyd verslag sal doen aan die Minister van Arbeid betreffende die Klerasienywerheid in die Unie van Suid-Afrika.

Belanghebbende persone word hierby die geleentheid gebied om skriftelike vertoë by die Raad in te dien. Dié vertoë, tesame met sewe afskrifte daarvan, moet die Sekretaris, Loonraad, Privaatsak 117, Pretoria, op of voor 5 September 1955 bereik.

Die opdrag lui soos volg:—

„Die Minister van Arbeid gelas die Loonraad kragtens subartikel (1) (*a*) van artikel *vier* van die Loonwet, 1937, om ondersoek in te stel na en aan hom verslag te doen oor die Klerasienywerheid in die Unie van Suid-Afrika.

stantiation of its objection, the following information within a period of seven days from the expiration of the said period of one month:—

(*a*) The number of members of the Union in the industry and area applied for or in any section of such industry or area in respect of which objection is lodged at any date between the date of publication of this notice and the expiry of the said period of seven days;

(*b*) the number of members under (*a*) who were in benefit in terms of the Union's constitution as at the date mentioned in (*a*);

(*c*) the number of members under (*a*) who were out of benefit in terms of the Union's constitution as at the date mentioned in (*a*); and

(*d*) the date to which the particulars referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) relate.

R. W. GRIEVE,
Industrial Registrar.

---

* No. 1544.] [5 August 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF PERIOD OF OPERATION OF THE MOTOR INDUSTRY SICK FUND (EASTERN PROVINCE) AGREEMENT.

I, JOHANNES DE KLERK, Minister of Labour, hereby in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 30th November, 1955, the periods referred to in Government Notice No. 1732 of the 20th August, 1954.

J. DE KLERK,
Minister of Labour.

---

* No. 1549.] [5 August 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

CANCELLATION OF REGISTRATION OF AN EMPLOYERS' ORGANIZATION.

I, Robert William Grieve, Industrial Registrar, hereby notify in terms of sub-section (3) of section *fifteen* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that I have cancelled the registration of the Uitenhage and Despatch Builders, Contractors and Allied Trades Association, with effect from 25th July, 1955.

R. W. GRIEVE,
Industrial Registrar.

---

* No. 1559.] [5 August 1955.

WAGE ACT, 1937.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—CLOTHING INDUSTRY.—UNION OF SOUTH AFRICA.

The Wage Board has received a reference in respect of the above-mentioned Industry and notifies, in terms of sub-section (1) of section *eleven* of the Wage Act, 1937, that this investigation has commenced and that the Board will in due course report to the Minister of Labour concerning the Clothing Industry in the Union of South Africa.

Persons interested are hereby given the opportunity of making written representations to the Board. Such representations, accompanied by seven copies thereof, should reach the Secretary, Wage Board, Private Bag 117, Pretoria, not later than the 5th September, 1955.

The reference reads as follows:—

"The Minister of Labour directs the Wage Board in terms of sub-section (1) (*a*) of section *four* of the Wage Act, 1937, to investigate and report to him concerning the Clothing Industry in the Union of South Africa.

Kragtens die bevoegdhede hom verleen by artikel *vyf* van die Loonwet, gee die Minister opdrag dat die ondersoek ten opsigte van alle werknemers in die genoemde Nywerheid gedoen moet word.

In hierdie opdrag beteken—

„Klerasienywerheid", die nywerheid waarin werkgewers en werknemers geassosieer is met die doel om een of meer van die volgende klasse klere te maak, naamlik—

(*a*) boklere, onderklere of nagklere;
(*b*) dasse;
(*c*) tweed- of linnehoede of -pette vir mans of seuns;

maar omvat nie die maak van die volgende nie—

(i) klere op die maat van individuele persone, uitgesonderd in die uitvoering van bestellings van enige Staatsdepartement, Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of plaaslike owerhede;
(ii) gebreide kledingstukke; en
(iii) klere van pelse of velle."

Under the powers vested in him by section *five* of the Wage Act, the Minister directs that the investigation shall be in respect of all employees in the said Industry.

In this reference—

'Clothing Industry', means the Industry in which employers and employees are associated for the purpose of making any one or more of the following classes of wearing apparel, namely—

(*a*) outer garments, underwear or nightwear;
(*b*) ties;
(*c*) men's or boys' tweed or linen hats or caps;

but does not include the making of—

(i) garments to the measurement of individual persons except in the execution of orders from any Government Department, Provincial Administration, the South African Railway and Harbours Administration or local authorities;
(ii) knitted garments; and
(iii) wearing apparel from furs or pelts."

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE

✱ No. 1527.] [5 Augustus 1955.

MUNISIPALITEIT VAN MORGENZON.

UITBREIDING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg het dat die Munisipaliteit van Morgenzon 'n sekere stuk grond, ongeveer 36·3 morg groot, geleë binne die gebied onder die beheer van die Munisipaliteit van Morgenzon, en begrens soos hieronder omskryf, soos aangetoon op 'n plan wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word, as 'n lokasie en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê:—

Begin by 'n punt A, die wes-noordwestelike hoekbaken van die Dorpsgrond van Morgenzon; daarvandaan in 'n noord-oostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 850 jaarts tot by 'n punt B waar die oostelike grens van die spoorwegreservaat die noordoostelike grens van die dorpsgrond sny; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 193 jaarts tot by 'n punt C; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 113 jaarts tot by 'n punt D; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 320 jaarts tot by 'n punt E; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 200 jaarts tot by 'n punt F op die westelike grens van die spoorwegreservaat; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 150 jaarts tot by 'n punt G; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 740 jaarts tot by 'n punt H; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting oor 'n afstand van ongeveer 800 jaarts tot by die beginpunt A.

Die gedeelte van die spoorwegreservaat wat binne die grense hierbo omskrywe val, word uit die lokasie en Naturelledorp uitgesluit.

Goewermentskennisgewing No. 1143 van 1945 word hierby herroep.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS

✱ No. 1527.] [5 August 1955.

MUNICIPALITY OF MORGENZON.

EXTENSION OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, of the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Morgenzon as a Location and Native Village of a certain piece of land, approximately 36·3 morgen in extent, situate within the area under the jurisdiction of the Municipality of Morgenzon and bounded as follows, as shown on a plan filed in the office of the Secretary for Native Affairs:—

Commencing at a point A, the west-north-westerly corner beacon on the Morgenzon commonage; thence in a north-easterly direction for a distance of approximately 850 yards to a point B where the eastern boundary of the railway reserve intersects the north-easterly boundary of the commonage; thence in a south-easterly direction for a distance of approximately 193 yards to a point C; thence in a south-westerly direction for a distance of approximately 113 yards to a point D; thence in a south-easterly direction for a distance of approximately 320 yards to a point E; thence in a south-westerly direction for a distance of approximately 200 yards to a point F on the western boundary of the railway reserve; thence in a south-easterly direction for a distance of approximately 150 yards to a point G; thence in a south-westerly direction for a distance of approximately 750 yards to a point H; thence in a north-westerly direction for a distance of approximately 800 yards to the point of commencement A.

The portion of the Railway reserve which falls within the boundaries of the location, as defined here above, is excluded from the location and Native Village.

Government Notice No. 1143 of 1945 is hereby repealed.

✻ No. 1529.] [5 Augustus 1955.

MUNISIPALITEIT VAN PARYS.—AFSKAFFING VAN NATURELLETEHUIS VIR MANS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, kragtens subartikel (2) van artikel *drie* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), die afskaffing van die Naturelletehuis vir mans wat by Goewermentskennisgewing No. 1546 van 1952 binne die regsgebied van die Stadsraad van Parys gestig is, goedgekeur het.

Goewermentskennisgewing No. 1546 van 1952 word hierby herroep.

✻ No. 1531.] [5 Augustus 1955.

VEEBEPERKING OP TRUSTPLASE EN VASSTELLING VAN DRAKRAG.—DISTRIK KRANSKOP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Hoofnaturellekommissaris, Pietermaritzburg, kragtens subartikel (1) van artikel *vyf* van Proklamasie No. 116 van 1949, die getal vee-eenhede wat die verbeteringsgebied, in onderstaande Bylae genoem, kan dra, op die getal wat daarin gemeld word, vasgestel het.

BYLAE.

Verbeteringsgebied.	*Getal vee-eenhede.*
Restant van Onderverdeling AB van die plaas Broedershoek; en resterende gedeelte van Onderverdeling 1 van die plaas Krantzkloof No. 1176 en Onderverdelings 2, 4, 5, 6, 7, 8 en restant daarvan	750

Goewermentskennisgewing No. 1563 van 31 Augustus 1945 word hierby herroep.

✻ No. 1538.] [5 Augustus 1955.

MUNISIPALITEIT VAN UPINGTON.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1579 VAN 1951.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake dit goedgekeur het dat Goewermentskennisgewing No. 1579 van 29 Junie 1951 gewysig word deur die syfers en woord „535 van 1927" in die voorlaaste reël te vervang deur die syfers en woord „1764 van 1930".

✻ No. 1539.] [5 Augustus 1955.

INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN DIE PASWETTE.

Kragtens subartikel (2) van artikel *veertien* van Proklamasie No. 150 van 1934, soos gewysig, gelas ek, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister van Naturellesake, dat die vrystelling wat kragtens Proklamasie No. 150 van 1934 aan ondergenoemde persone verleen is by die vrystellingsertifikate wat teenoor hulle name gemeld word, hierby ingetrek word.

H. F. VERWOERD,
Minister van Naturellesake.

Naam.	*Vrystellingsertifikaat No.*
Elias M. Zwane	2055
Lewis Motaung	5235
Johannes Bengane	5392
Jeremiah Makwe	10452/188
George Mkalipe	34271/188
Samson Nkosi	18254/188

✻ No. 1529.] [5 August 1955.

MUNICIPALITY OF PARYS.—ABOLITION OF NATIVE HOSTEL FOR MEN.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved in terms of subsection (2) of section *three* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), of the abolition of Native Hostel for men established within the area of jurisdiction of the Town Council of Parys by Government Notice No. 1546 of 1952.

Government Notice No. 1546 of 1952 is hereby repealed.

✻ No. 1531.] [5 August 1955.

STOCK LIMITATION ON TRUST FARMS AND ASSESSMENT OF CARRYING CAPACITY.—KRANSKOP DISTRICT.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (1) of section *five* of Proclamation No. 116 of 1949 the Chief Native Commissioner, Pietermaritzburg, has assessed at the figure appearing in the accompanying Schedule the number of cattle units which the betterment area indicated therein, can carry.

SCHEDULE.

Betterment Area	*Number of Cattle Units.*
Remainder of Subdivision AB of farm Broedershoek; and remaining extent of Subdivision 1 of farm Krantzkloof No. 1176 and Subdivisions 2, 4, 5, 6, 7, 8 and remainder thereof	750

Government Notice No. 1563, dated 31st August, 1945, is hereby withdrawn.

✻ No. 1538.] [5 August 1955.

MUNICIPALITY OF UPINGTON.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1579 OF 1951.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved of the amendment of Government Notice No. 1579 of 29th June, 1951, by the substitution of the figures and word "1764 of 1930" in the penultimate line for the figures and word "535 of 1927".

✻ No. 1539.] [5 August 1955.

CANCELLATION OF EXEMPTION FROM THE PASS LAWS.

Under sub-section (2) of section *fourteen* of Proclamation No. 150 of 1934, as amended, I, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister of Native Affairs, order that the exemption granted to the undermentioned persons under Proclamation No. 150 of 1934, by the exemption certificates indicated opposite their names shall be and is hereby cancelled.

H. F. VERWOERD,
Minister of Native Affairs.

Name.	*Exemption Certificate No.*
Elias M. Zwane	2055
Lewis Motaung	5235
Johannes Bengane	5392
Jeremiah Makwe	10452/188
George Mkalipe	34271/188
Samson Nkosi	18254/188

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

✱ No. 1532.] [5 Augustus 1955.

DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE.—WYSIGING VAN DIE REËLS BETREFFENDE GEDRAG WAARVAN DIE KOMMISSIE KENNIS KAN NEEM.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (4) van artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls betreffende gedrag waarvan die Kommissie kennis kan neem, soos opgestel deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens subartikel (2) van genoemde artikel van die Wet en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1462 van 24 September 1937, soos gewysig:—

Deur die bestaande reël 9 deur die volgende te vervang:—

„9. Opmaak van voorskrifte of bereiding van enige artseny- of medisinale of chemiese stof wat nie in 'n volledige pakket vir verkoop as 'n patentmedisyne bedoel is nie, ten behoewe van 'n ongeregistreerde persoon vir verkoop of vir hantering of verpakking vir herverkoop deur sodanige persoon in stryd met artikel *sewe-en-dertig* van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, No. 13 van 1928, soos gewysig."

DEPARTMENT OF HEALTH.

✱ No. 1532.] [5 August 1955.

THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD.—RULES REGARDING CONDUCT OF WHICH THE BOARD MAY TAKE COGNISANCE.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the amendment of the rules regarding the conduct of which the Board may take cognisance, made by the South African Pharmacy Board under sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 1462 of the 24th September, 1937, as amended:—

By the substitution for the existing rule 9 of the following.

"9. Dispensing prescriptions or compounding any drug or medicinal or chemical substance, not being in the completely packaged form intended for sale as a proprietary medicine, on behalf of an unregistered person for sale or for manipulation or packing for resale by such person in contravention of section *thirty-seven* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, No. 13 of 1928, as amended."

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

DIVERSE.

✱ KENNISGEWING No. 804 VAN 1955.

INKOMSTEBELASTING, 1955.

PUBLIEKE KENNISGEWING OM OPGAWES VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 1955 TE VERSTREK.

Hierby word bekendgemaak dat almal wat belastingpligtig is, hetsy persoonlik of in 'n verteenwoordigende hoedanigheid, ingevolge die bepalings van die Inkomstebelastingwet, 1941, binne dertig dae na 8 Augustus 1955 belastingopgawes moet verstrek. Ook moet binne dertig dae na 8 Augustus 1955 opgawes verstrek word deur enigiemand anders, of hy belastingpligtig is of nie, op wie paragraaf A, B. C of D van hierdie kennisgewing van toepassing is.

Opgawes word vereis van:—

A. Elke persoon (behalwe 'n getroude persoon of 'n maatskappy), of 'n verteenwoordiger van so 'n persoon, wie se inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 1955, meer as £250 was.

B. Elke getroude persoon of 'n verteenwoordiger van so 'n persoon, wie se inkomste vir die jaar geëindig 30 Junie 1955, meer as £300 was.

C. Elke persoon aan wie 'n inkomstebelastingvorm uitgereik word, afgesien van die bedrag van die inkomste van so 'n persoon.

D. Die openbare amptenaar van elke maatskappy wat inkomste gedurende die jaar geëindig 30 Junie 1955 verkry het of aan wie 'n inkomstebelastingvorm uitgereik word.

OPMERKING.

1. Die inkomste van 'n vrou, binne of buite gemeenskap van goedere getroud en nie van haar man volgens 'n geregtelike bevel of skriftelike ooreenkoms geskei nie, word vir die toepassing van die wet beskou as die inkomste van haar man en moet deur hom ingesluit word in opgawes van inkomste wat hy ingevolge die wet moet verstrek.

GENERAL NOTICES.

MISCELLANEOUS

✱ NOTICE No. 804 OF 1955.

INCOME TAX, 1955.

PUBLIC NOTICE TO FURNISH RETURNS FOR THE YEAR ENDED 30TH JUNE, 1955.

Notice is hereby given that all persons liable to taxation, personally or in any representative capacity, under the provisions of the Income Tax Act, 1941, are required to furnish within thirty days after the 8th August, 1955, returns for the assessment of the tax. Returns are also required within thirty days after the 8th August, 1955, from any other person, whether a taxpayer or not, to whom paragraph A, B, C or D of this notice applies.

Returns are required from:—

A. Every person (not being a married person or a company), or a representative of such person, who derived an income in respect of the year ended 30th June, 1955, in excess of £250.

B. Every married person or a representative of such person who derived an income in respect of the year ended 30th June, 1955, in excess of £300.

C. Every person to whom a form of return is issued irrespective of the amount of the income of such person.

D. The public officer of every company which derived an income, in respect of the year ended 30th June, 1955, or to whom a form of return is issued.

NOTE.

1. The income of a woman married with or without community of property and not separated from her husband under a judicial order or written agreement shall, for the purposes of the Act, be deemed to be income accrued to her husband and shall be included by him in returns of income required to be rendered by him under the Act.

2. Die inkomste van enige minderjarige kind of stiefkind, of dit opgeloop het of nie, moet opgegee word.

3. Die inkomste van alle trusts geskep deur die belastingpligtige moet in sy opgawe verstrek word, met vermelding van die volle name en adresse van die bevoordeeldes.

4. Elke persoon wat 'n opgawe invul, moet ten opsigte van 'n publieke of private maatskappy aantoon—

(*a*) die diwidende wat hy ontvang of wat hom uit enige maatskappy toegeval het;

(*b*) die getal aandele, in enige maatskappy, waarvan hy die geregistreerde aandeelhouer is;

(*c*) die getal aandele, in enige maatskappy, wat nie op sy naam geregistreer is nie maar waaruit hy voordeel trek.

VORMS.

Die vorms wat deur die Kommissaris voorgeskryf is, vir die verstrekking van opgawes is op of na 8 Augustus 1955 verkrygbaar op aansoek by die kantoor van die Ontvanger van Inkomste van die distrik waarin die betrokke persoon woonagtig is.

AANSTUUR VAN OPGAWES.

Opgawes moet per pos aangestuur word na, of afgelewer word by die kantoor van die beampte soos aangedui op die vorm.

L.W.—'n Koevert gemerk: „Inkomstebelasting—In Diens van Haar Majesteit", sal kosteloos deur die pos vervoer word.

STRAFBEPALINGS.

Iemand van wie 'n opgawe vereis word en wat versuim om dit binne dertig dae na 8 Augustus 1955 in te stuur, is strafbaar met 'n boete van hoogstens £50 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande of met sowel die boete as die gevangenisstraf, daarbenewens kan 'n beraming van sy belasbare inkomste gemaak en driemaal die bedrag van die belasting op die geraamde belasbare inkomste bereken van hom gevorder word.

Elkeen wat willens en wetens in 'n opgawe 'n valse verklaring doen, of aanslag of belasting ontduik of probeer ontduik, is strafbaar met 'n boete van hoogstens £500 en/of gevangenisstraf, met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, en kan verder belas word met driemaal die bedrag van die belasting wat hy probeer ontduik het.

L.W.—Niemand is vrygestel van straf enkel omdat hy nie persoonlik aangesê is om 'n opgawe te verstrek nie.

WENKE OM VOORSIENING TE MAAK VIR MAKLIKE BETALING VAN BELASTINGS.

Aangesien belastings op inkomste aangeslaan word gedurende die jaar wat volg op die jaar waarin die inkomste verdien is, moet die belastingpligtige voorsiening maak uit die inkomste deur hom verdien, om te verhoed dat hy in 'n verleentheid verkeer wanneer hy die aanslagkennisgewing ontvang en die belastings binne een maand moet betaal.

Die belastings word reeds sedert jare gehef en die belastingpligtige wat nagelaat het om voorsiening vir betaling te maak, kan nie simpatieke behandeling verwag nie.

Die Regering het by wyse van die verkoop van Belastingdelgingsertifikate 'n skema ingestel om alle belastingpligtigdes behulpsaam te wees met die betaling van hul belastings. Die sertifikate kan vir bedrae wat van 10s. tot £1,000 wissel by alle Geldwisselkantore, en vir bedrae van meer as £5,000 by die Tesourie uitgeneem word. Sertifikate tot 'n maksimum van £5,000 wat gedurende enige jaar gebruik word, dra 3½ persent rente per jaar en die balans 3s. persent per maand. Die rente word by die bedrag van die sertifikaat gevoeg wanneer dit ter vereffening van belastings aangebied word en enige bedrag wat die totale belastings oorskry, word terugbetaal.

Dit word van regeringswerknemers verwag om van die voorreg wat hulle verleen word, nl. die aftrekking van hul salarisse op die betaalstate, gebruik te maak. Baie groot ondernemings het reeds 'n aftrekskema in werking

2. The income of any minor child, or stepchild, whether accumulated or not must be returned.

3. The income of all Trusts created by the taxpayer must be disclosed in his return with the full names and addresses of the beneficiaries.

4. Every person who completes a return must show in respect of Public or Private Companies—

(*a*) the dividends received by or accrued to him from any company;

(*b*) the number of shares, in any company, of which he is the registered shareholder;

(*c*) the number of shares, in any company, which are not registered in his name but of which he is the beneficial owner.

FORMS.

The forms prescribed by the Commissioner for the rendering of returns can be obtained on or after the 8th August, 1955, on application to the Receiver of Revenue of the District in which the person requiring the forms resides.

FORWARDING OF RETURNS.

Returns must be forwarded by post to or be delivered at the Office of the Official indicated on the form.

NOTE.—An envelope marked with the words: "Income Tax—On Her Majesty's Service" will be carried post free.

PENALTIES.

Any person required to render a return who fails to do so within the period of thirty days from the 8th August, 1955, is liable to a penalty not exceeding £50 or to imprisonment for a period of not exceeding three months or to both such fine and imprisonment and to have his taxable income estimated and to be charged three times the amount of the tax calculated on such estimated taxable income.

Any person who knowingly and wilfully makes any false statement in any return or evades or attempts to evade assessment or taxation is liable to a penalty not exceeding £500 and/or to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding two years, and in addition is liable to be assessed and charged three times the amount of the tax which he has sought to evade.

NOTE.—No person is exempted from penalty by reason merely of the fact that he may not have been called upon individually to make a return.

HOW TO MAKE PROVISION FOR EASY PAYMENT OF TAXES.

As taxes on income are assessed in a year subsequent to that in which the income is earned, provision for payment should be made out of the income as it is earned if the taxpayer is not to find himself embarrassed when his assessment arrives requiring him to pay within one month.

The taxes have been in existence for many years and the taxpayer who has omitted to provide for payment cannot expect sympathetic consideration.

The Government, by the sale of Tax Redemption Certificates, has introduced a scheme to assist all taxpayers to pay their taxes. The certificates are sold at all Money Order offices in amounts ranging from 10s. to £1,000 and by the Treasury for amounts in excess of £5,000. They carry interest at 3½ per cent per annum on certificates up to £5,000 utilised in any one year; interest on the excess being 3s. per cent per month. The interest is added to the amount on surrender of the certificate for payment of taxes. Any excess is refunded.

Government employees are expected to take advantage of the facilities which exist for deduction through pay sheets. Many large concerns already operate a scheme of pay-sheet deductions which can be utilized to buy

waarvan gebruik gemaak kan word, of om Belastingdelgingsertifikate te koop of om die bedrae ten bate van die werknemer te hou tot tyd en wyl hy 'n aanslagkennisgewing ontvang, wanneer hy die sertifikate, 'n kreditnota of 'n tjek ontvang wat hy dan aan die Ontvanger van Inkomste stuur, saam met die aanslagkennisgewing.

'n Belastingpligtige is gewoonlik nie in staat om sy aanspreeklikheid vir belastings noukeurig te bereken nie. Die tabel hieronder gee 'n redelike gemiddelde berekening van die bedrae wat teen die huidige koers betaalbaar is en sal as 'n leidraad dien wanneer u besluit om voorsiening vir u belasting te maak. Dit moet duidelik verstaan word dat die syfers alleen 'n gemiddelde benadering van die totale belasting in al die provinsies is. Die voorsiening mag effens te laag of te hoog wees, maar sal in die meeste gevalle die omvang van die aanspreeklikheid dek.

Jaarlikse inkomste.	Ongetroude persone.	Getroude persone.			
		Geen kinders.	Een kind.	Twee kinders.	Drie kinders.
£	£	£	£	£	£
300	4	2	2	2	2
400	16	3	3	3	3
500	29	6	5	5	5
600	40	16	5	5	5
700	53	25	9	5	5
800	65	35	19	7	5
900	77	45	29	17	5
1,000	89	55	39	23	7
1,250	117	80	64	48	32
1,500	151	106	90	74	58
1,750	183	132	119	100	84
2,000	262	204	187	172	155

Die maandelikse voorsiening sal $\frac{1}{12}$de van hierdie bedrae wees.

NADERE INLIGTING.

Nadere inligting of hulp is verkrygbaar van die kantoor van die Ontvanger van Inkomste van die distrik waarin die persoon woonagtig is of by hierdie kantoor.

M. J. WELLS,
Kommissaris van Binnelandse Inkomste.

Departement van Binnelandse Inkomste,
Sentrale Goewermentskantore,
(Posbus 402),
Vermeulenstraat,
Pretoria, 8 Augustus 1955.

✱ KENNISGEWING No. 805 VAN 1955.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

OORSESE STUDIEBEURS.

Aansoeke word ingewag van behoorlik gekwalifiseerde ongetroude tweetalige Unieburgers om 'n beurs wat deur hierdie Departement beskikbaar gestel word vir nagraadse studie en navorsing in handel. Die beurs het 'n waarde van £800 per jaar en is vir hoogstens twee jaar beskikbaar. Reiskoste na en van die V.S.A. op 'n basis deur die Departement vasgestel, word ook betaal. Van die beurshouer word verwag om aan 'n Amerikaanse Universiteit kursusse te loop en 'n graad te behaal na die keuse van die Sekretaris van Handel en Nywerheid. Spesiale aandag moet aan die studie van die ekonomie van seetransport bestee word.

Kwalifikasies.—Slegs applikante wat uitblink met 'n graad in handel of ekonomie kom in aanmerking vir die toekenning van die beurs: verbandhoudende ondervinding en na-graadse studie is 'n aanbeveling.

Voorwaardes.—Die suksesvolle kandidaat moet 'n kontrak met die Regering aangaan wat o.a. bepaal dat hy vir 'n voorgeskrewe minimum tydperk na sy terugkeer in die Departement diens moet doen indien sulks van hom vereis word. Hy moet na die Unie terugkeer onmiddellik

Tax Redemption Certificates or held for the benefit of the employee until he receives an assessment when he can obtain the certificates or a credit-note or cheque which he must forward, together with the assessment notice, to the Receiver of Revenue.

A taxpayer is not normally in a position to calculate his taxes accurately. The table below gives a fair average of the amounts payable at present rates and will assist in deciding what provision to make. It must be emphasized that the figures represent only a rough average over all provinces. The provision may be slightly short or in excess but will, in most cases, cover the bulk of the liability.

Annual Income.	Single Persons.	Married Persons.			
		No Children.	One Child.	Two Children.	Three Children.
£	£	£	£	£	£
300	4	2	2	2	2
400	16	3	3	3	3
500	29	6	5	5	5
600	40	16	5	5	5
700	53	25	9	5	5
800	65	35	19	7	5
900	77	45	29	17	5
1,000	89	55	39	23	7
1,250	117	80	64	48	32
1,500	151	106	90	74	58
1,750	183	132	119	100	84
2,000	262	204	187	172	155

The monthly provision will be $\frac{1}{12}$th of these amounts.

FURTHER INFORMATION.

Any further information or assistance which any person may require can be obtained at the Office of the Receiver of Revenue of the District in which he resides or at this office.

M. J. WELLS,
Commissioner for Inland Revenue.

Department of Inland Revenue,
Central Government Offices,
(P.O. Box 402),
Vermeulen Street,
Pretoria, 8th August, 1955.

✱ NOTICE No. 805 OF 1955.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

OVERSEAS STUDY BURSARY.

Applications are invited from suitably qualified single bilingual Union Citizens, for a bursary made available by this Department for post-graduate study and research in commerce. The bursary will be to the value of £800 per annum, and available for a maximum period of two years. Travelling expenses to and from the United States of America on a basis determined by the Department will also be payable. It will be required of the bursary holder to attend an American University and attain a degree as selected by the Secretary for Commerce and Industries. Special application must be given to the study of the economics of sea-transport.

Qualifications.—Only outstanding graduates in commerce or economics will be considered for the award of the bursary; suitable experience and post-graduate study will be a recommendation.

Conditions.—The successful candidate will have to enter into a contract with the Government a condition of which is, inter alia, that he will serve in the Department for a prescribed minimum period, if required, after his return.

na die verstryking van die tydperk waarvoor die beurs geldig is. Die suksesvolle kandidaat moet ook bevredigende borge verskaf vir die terugbbetaling van alle gelde wat aan hom betaal is ingeval hy die kontrak nie nakom nie.

Vorm van aansoek.—Aansoeke, wat op vorm Z. 83 (verkrygbaar by die kantoor van die Sekretaris van Handel en Nywerheid, h/v Paul Kruger- en Minnaarstraat, Pretoria) ingedien moet word, moet genoemde kantoor voor of op 17 September 1955 bereik. Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:—

(*a*) Getuigskrifte van verantwoordelike persone.
(*b*) Bevredigende gesondheidsertifikaat uitgereik deur 'n behoorlik geregistreerde geneesheer.
(*c*) Oorspronklike geboortesertifikaat of doopseël.
(*d*) Sertifikate van registrateurs van Universiteite wat aandui in watter vakke (en indien moontlik in watter klas) die kandidaat geslaag het.
(*e*) Verklarings van verantwoordelike persone waarin gemeld word dat die kandidaat in staat is om die studiebeurs aan te vul indien die toegestane bedrag ontoereikend blyk.

He must return to the Union immediately after the expiry of the period for which the bursary is valid. The successful candidate will also have to furnish satisfactory guarantees for the repayment of all moneys paid to him in the event of his breaking the contract.

Form of Application.—Applications on a form Z. 83 (obtainable from the Secretary for Commerce and Industries, c/o Paul Kruger and Minnaar Streets, Pretoria) must reach that office not later than the 17th September, 1955. The following documents must accompany the application:—

(*a*) Testimonials from responsilbe persons.
(*b*) Satisfactory health certificate completed by a registered medical practitioner.
(*c*) Original birth or baptismal certificate.
(*d*) Certificates from Registers of Universities indicating in which subjects (and if possible, in which class) the candidate was successful.
(*e*) Declarations from responsible persons indicating that the applicant is able to supplement the bursary if the amount awarded proves to be insufficient.

✻ KENNISGEWING No. 806 VAN 1955.

WET OP MATEN EN GEWICHTEN, 1922.

Ingevolge artikel *vier-en-twintig* (1) van die Wet op Maten en Gewichten, 1922, gelees met regulasies 3 (1), deel I, van die regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, word hierby bekendgemaak dat alle persone in die magistraatsdistrikte Estcourt, Weenen, Bergville en Kliprivier, wat weeg- of meetinstrumente, gewigte of mate in die handel gebruik, hierdie instrumente, gewigte of mate voor of op 6 Oktober 1955 moet vertoon sodat hulle nagesien en geyk of heryk kan word.

'n Handelaar wie se perseel verder weg is as 12 myl van die naaste ykstasie wat in onderstaande lys genoem word, kan al sy weeg- of meetinstrumente op sy perseel laat yk mits hy sonder versuim, ooreenkomstig hierdie kennisgewing *skriftelik* daarom aansoek doen.

Iemand wat vaste meetinstrumente of weeginstrumente met 'n weegvermoë van meer as 600 lb. het, moet die Distriksyker, Posbus 1047, Durban, of die polisiekantoor wat die naaste is aan die plekke wat in onderstaande lys genoem word, dadelik *skriftelik* in kennis stel van die plek waar sulke instrumente is sodat hulle, indien nodig, op die perseel geyk kan word.

In gevalle waar instrumente op die perseel van die handelaar geyk word, word ekstra gelde vir die diens gevorder.

Die yker sal teenwoordig wees op die plekke, datums en ure wat in onderstaande lys vermeld word.

F. E. ROWLAND,
Superintendent van Ykwese.

Pretoria, 22 Julie 1955.

BYLAE.

Mooirivier, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 24 Augustus 1955.
Rockmount, mnr. J. Kerr se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 26 Augustus 1955.
Estcourt, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 4 nm., 29 Augustus; *en* van 9 vm. tot 12 middag, 30 Augustus 1955.
Weenen, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 1 September 1955.
Moorleigh, die firma W. & H. Bosse se winkel, van 9 vm. tot 10 vm., 6 September 1955.
Ntabamhlope, Otterburnwinkel, van 2 nm. tot 3 nm., 6 September 1955.

✻ NOTICE No. 806 OF 1955.

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1922.

Notice is hereby given in terms of section *twenty-four* (1) of the Weights and Measures Act, 1922, read with Regulation 3 (1), Part I, of the Regulations under the Act that all persons in the Magisterial Districts of Estcourt, Weenen, Bergville and Klip River, having weighing or measuring instruments, weights or measures in use in trade, are required to produce same in order that they may be examined and assized or re-assized on or before the 6th October, 1955.

Any trader whose premises are situated at a distance exceeding 12 miles from the nearest Assize Station shown on this Schedule, may have all his weighing and measuring instruments assized on his premises, provided application is made, *in writing*, without delay in accordance with this notice.

Persons having fixed measuring instruments, or weighing instruments, having a weighing capacity exceeding 600-lb., must forthwith notify, *in writing*, the District Assizer, P.O. Box 1047, Durban, or the nearest Police Station to the places shown on this Schedule of the position thereof, in order that they may be assized on the premises if required.

Where instruments are assized on traders premises, additional charges are made for attendance.

The Assize Officer will be in attendance in accordance with the undermentioned Schedule.

F. E. ROWLAND,
Superintendent of Assize.

Pretoria, 22nd July, 1955.

SCHEDULE.

Mooi River, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 24th August, 1955.
Rockmount, Mr. J. Kerr's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 26th August, 1955.
Estcourt, Police Station, from 9 a.m. to 4 p.m., 29th August, 1955; *and* from 9 a.m. to 12 noon, 30th August, 1955.
Weenen, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 1st September, 1955.
Moorleigh, Messrs. W. & H. Bosse's Store, from 9 a.m. to 10 a.m., 6th September, 1955.
Ntabamhlope, The Otterburn Supply Store, from 2 p.m. to 3 p.m., 6th September, 1955.

Loskop, mnr. S. Sigournay se winkel, van 9 vm. tot 10 vm., 7 September 1955.
Frere, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 10 vm., 8 September 1955.
Colenso, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 12 middag, 12 September 1955.
Winterton, Polisiekantoor, van 10 vm. tot 12 middag, 13 September 1955.
Oliviershoek, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 11 vm., 14 September 1955.
Bergville, Polisiekantoor, van 9 vm. tot 3 nm., 15 September, 1955.
Geluksburg, mnr. H. J. Wessels se winkel, van 11 vm. tot 12 middag, 19 September 1955.
Besters, die firma A. C. 'Asmal & Kie., van 9 vm. tot 10 vm., 20 September 1955.
Van Reenen, die firma Seedat & Kie., van 10 vm. tot 11 vm., 21 September 1955.
Doornkraal (Pk. Craigsforth), mnr. D. M. Hakimjee se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 22 September 1955.
Wesselsnek, mnr. H. Duchen se winkel, van 10 vm. tot 11 vm., 23 September 1955.
Elandslaagte, Elandslaagte-handelsmaatskappy, van 2 nm. tot 3 nm., 23 September 1955.
Driefontein, Moy Moy-handelsmaatskappy, van 9 vm. tot 10 vm., 27 September 1955.
Ladysmith, Stadsaalgebou, van 9 vm. tot 4 nm., 3 en 4 Oktober 1955.

✱ KENNISGEWING No. 807 VAN 1955.

RIVIERRAAD VAN WATERVALRIVIER.

Hierby word bekendgemaak dat die heer J. C. Naude tot lid van bogenoemde Rivierraad gekies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Staatskoerant*.

H. J. DOMAN,
Assistent-Magistraat.

Lydenburg, 20 Julie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 808 VAN 1955.

DEPARTMENT VAN ARBEID.

AANSTELLING VAN LEDE EN PLAASVERVANGERS VAN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REHABILITASIERAAD.

Hierby word vir algemene bekendgemaak dat dit die Minister van Arbeid behaag het om die volgende lede en plaasvervangers van lede van die Suid-Afrikaanse Rehabilitasieraad aan te stel:—

Ex-officio Lede.	*Plaasvervangers.*
Die Weledele Heer J. F. Hannah, B.A. (Voorsitter, Sekretaris van Arbeid)	Die Weledele Heer J. M. F. Potgieter (Vise-voorsitter, Ondersekretaris van Arbeid).
Die Weledele Heer B. M. Clark, L.R.C.P., M.R.C.P., M.R.C.S., D.P.H. (Adjunkhoofgesondheidsbeampte)	Die Weledele Heer H. F. Schiller M.B., Ch.B. (Edin.) (Departement van Gesondheid).
Die Weledele Heer J. A. Grobler, M.A., Ph.D. (Departement van Volkswelsyn)	Die Weledele Heer A. E. Andersen (Departement van Volkswelsyn).
Die Weledele Heer C. M. van Antwerp, M.A., M.Ed., D.Phil. (Departement van Onderwys, Kuns, en Wetenskap)	Die Weledele Heer G. F. J. Starker, B.Sc., H.O.D. (Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap).
Die Weledele Heer H. J. Hugo, M.A., M.D. (Transvaalse Provinsiale Administrasie)	Die Weledele Heer R. L. Retief, M.B., Ch.B. (Transvaalse Provinsiale Administrasie).
Die Weldele Heer D. A. van Binnendyk, M.B., Ch.B., B.Sc. (Kaapse Provinsiale Administrasie)	Die Weledele Heer D. W. Scallan B.A., B.Com. (Kaapse Provinsiale Administrasie).
Die Weledele Heer J. M. Rothmann, B.A., H.W. (O.V.S. Provinsiale Administrasie)	Die Weledele Heer H. J. Neethling, (O.V.S. Provinsiale Administrasie).
Die Weledele Heer H. A. Coetzee, M.A. (Natalse Provinsiale Administrasie)	Die Weledele Heer H. H. Hall, B.A. (Natalse Provinsiale Administraise).

Loskop, Mr. S. Sigournay's Store, from 9 a.m. to 10 a.m., 7th September, 1955.
Frere, Police Station, from 9 a.m. to 10 a.m., 8th September, 1955.
Colenso, Police Station, from 9 a.m. to 12 noon, 12th September, 1955.
Winterton, Police Station, from 10 a.m. to 12 noon, 13th September, 1955.
Oliviershoek, Police Station, from 9 a.m. to 11 a.m., 14th September, 1955.
Bergville, Police Station, from 9 a.m. to 3 p.m., 15th September, 1955.
Geluksburg, Mr. H. J. Wessel's Store, from 11 a.m. to 12 noon, 19th September, 1955.
Besters, Messrs. A. C. Asmal & Co., from 9 a.m. to 10 a.m., 20th September, 1955.
Van Reenen, Messrs. Seedat & Co., from 10 a.m. to 11 a.m., 21st September, 1955.
Doornkraal (P.O. Craigsforth), Mr. D. M. Hakimhee's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 22nd September, 1955.
Wesselsnek, Mr. H. Duchen's Store, from 10 a.m. to 11 a.m., 23rd September, 1955.
Elandslaagte, Elandslaagte Trading Co., from 2 p.m. to 3 p.m., 23rd September, 1955.
Driefontein, Moy Moy Trading Co., from 9 a.m. to 10 a.m., 27th September, 1955.
Ladysmith, Town Hall Buildings, from 9 a.m. to 4 p.m., 3rd and 4th October, 1955.

✱ NOTICE No. 807 OF 1955.

RIVER BOARD OF WATERVAL RIVER.

Notice is hereby given that Mr. J. C. Naude has been elected as member of the above River Board for the period of three years from the date of publication of this notice in the *Government Gazette*.

H. J. DOMAN,
Assistant Magistrate.

Lydenburg, 20th July, 1955.

✱ NOTICE No. 808 OF 1955.

DEPARTMENT OF LABOUR.

APPOINTMENT OF MEMBERS AND ALTERNATES OF MEMBERS OF THE SOUTH AFRICAN REHABILITATION COUNCIL.

It is hereby notified for general information that the Minister of Labour has been pleased to appoint the following members and alternates of members of the South African Rehabilitation Council:—

Ex-officio Members.	*Alternates.*
J. F. Hannah, Esq., B.A. (Chairman, Secretary for Labour).	J. M. F. Potgieter, Esq. (Vice Chairman, Under Secretary for Labour).
B. M. Clark, Esq. L.R.C.P., M.R.C.P., M.R.C.S., D.P.H. (Deputy Chief Health Officer)	H. F. Schiller, Esq., M.B., Ch.B. (Edin.) (Department of Health).
J. A. Grobler, Esq. M.A., Ph.D. (Department of Social Welfare)	A. E. Andersen, Esq. (Department of Social Welfare).
C. M. van Antwerp, Esq., M.A., M.Ed., D.Phil. (Department of Education, Arts and Science)	G. F. J. Starker, Esq., B.Sc., H.E.D. (Department of Education, Arts and Science).
H. J. Hugo, Esq. M.A., M.D. (Transvaal Provincial Administration)	R. L. Retief, Esq. M.B., Ch.B. (Transvaal Provincial Administration).
D. A. van Binnendyk, Esq., M.B., Ch.B., B.Sc. (Cape Provincial Administration)	D. W. Scallan, Esq., B.A., B.Com. (Cape Provincial Administration).
J. M. Rothmann, Esq., B.A., H.L. (O.F.S. Provincial Administration)	H. J. Neethling, Esq. (O.F.S. Provincial Administration).
H. A. Coetzee, Esq., M.A. (Natal Provincial Administration)	H. H. Hall, Esq., B.A. (Natal Provincial Administration).

Lede wat in 'n persoonlike hoedanigheid sal dien:—

Lede.	*Plaasvervangers.*
Mev. N. Roux, B.A., M.B., Ch.B.	Ds. J. R. Lückhoff, M.A.
Die Weledele Heer G. T. du Toit, F.R.C.S. (Eng.).	Die Weledele Heer H. S. Jooste, M.A.
Die Weledele Heer L. M. A. van Schalwijk, M.A., Ph.D.	Die Weledele Heer M. J. Broderick, L.R.C.P., L.R.C.S. (Ierland).
Die Weledele Heer G. K. Engelbrecht, M.A.	Die Weledele Heer J. W. Scott Millar, B.A., M.B., Ch.B., D.P.H.
Die Weledele Heer D. N. Murray, B.A., B.Com., F.I.S.	Die Weledele Heer J. C. Pieterse, M.B., Ch.B., B.Sc.
Die Weledele Heer L. S. Williams, M.R.C.S. (Eng.), L.R.C.P. (Lond.), R.F.C.S. (Edin.)	Die Weledele Heer G. H. Beetge.
Die Weldele Heer N. S. Erasmus	
Die Weledele Heer J. M. Burger, H.W.	
Die Weledele Heer S. I. Basson.	
Die Weledele Heer T. C. Rutherford.	
Die Weledele Heer P. K. Hoogendyk.	

J. F. HANNAH,
Sekretaris van Arbeid.

Kantoor van die Sekretaris van Arbeid,
Laboriagebou, Pretoria.

✱ KENNISGEWING No. 809 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN HEXRIVIER.

Hierby word bekendgemaak dat die heer J. T. de Wet behoorlik tot lid van bogenoemde Raad herkies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

J. A. PIENAAR,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Worcester, 22 Julie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 810 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN NONNARIVIER.

Hierby word bekendgemaak dat die here A. P. Kloppers en B. Kloppers behoorlik tot lede van bogenoemde Raad herkies is vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

J. A. PIENAAR,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Worcester, 22 Julie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 811 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN BRAKBOSEILAND.

Hierby word bekendgemaak dat die ampstermyn van mnr. G. van Wyk as lid van bogenoemde Raad op 16 Oktober 1955 verstryk.

'n Openbare hofsitting sal om 10 vm. op Dinsdag, 20 September 1955, by die woning van mnr. C. B. Brink, Brakboseiland, gehou word om 'n lid in die plek van bogenoemde uittredende lid te kies.

P. U. DE JAGER,
Assistent-Magistraat.

Upington, 20 Julie 1955.

✱ KENNISGEWING No. 812 VAN 1955.

BESPROEIINGSRAAD VAN SKEERPOORT.

Hierby word bekendgemaak dat by 'n openbare hofsitting wat om 3-uur in die namiddag op 18 Julie 1955 in die Skoolsaal, te Skeerpoort, gehou is vir die nominasie van persone vir verkiesing, ooreenkomstig die bepalings van artikel *agt-en-vyftig* (2) (*a*) van Wet No. 8 van 1912, tot lede van die Besproeiingsraad van Skeerpoort in die plek van lede wie se ampstermyn op 24 en 25 Julie 1955 verstryk, ondergenoemde here genomineer en behoorlik

Members who will serve in a personal capacity:—

Members.	*Alternates.*
Mrs. N. Roux, B.A., M.B., Ch.B.	The Rev. J. R. Lückhoff, M.A.
G. T. du Toit, Esq., F.R.C.S. (Eng.).	H. S. Jooste, Esq., M.A.
L. M. A. van Schalkwijk, Esq. M.A., Ph.D.	M. J. Broderick, Esq., L.R.C.P., L.R.C.S. (Ireland).
G. K. Engelbrecht, Esq., M.A.	J. W. Scott Millar, Esq., B.A., M.B., Ch.B., D.P.H.
D. N. Murray, Esq., B.A., B.Com., F.I.S.	J. C. Pieterse, Esq., M.B., Ch.B., B.Sc.
L. S. Williams, Esq., M.R.C.S. (Eng.), L.R.C.P. (London), F.R.C.S. (Edin.).	G. H. Beetge, Esq.
N. S. Erasmus, Esq.	
J. M. Burger, Esq. H. L.	
S. I. Basson, Esq.	
T. C. Rutherford, Esq.	
P. K. Hoggendyk, Esq.	

J. F. HANNAH,
Secretary for Labour.

Office of the Secretary for Labour,
Laboria Building, Pretoria.

✱ NOTICE No. 809 OF 1955.

HEX RIVER IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. J. T. de Wet has been duly re-elected member of the above Board for a period of three years from the date of publication hereof in the *Union Gazette*.

J. A. PIENAAR,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Worcester, 22nd July, 1955.

✱ NOTICE No. 810 OF 1955.

NONNA RIVER IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that Mr. A. P. Kloppers and Mr. B. Kloppers have been duly re-elected members of the above Board for a period of three years from the date of publication hereof in the *Union Gazette*.

J. A. PIENAAR,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Worcester, 22nd July, 1955.

✱ NOTICE No. 811 OF 1955.

BRAKBOSEILAND IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that the period of office of Mr. G. van Wyk as member of the above-mentioned Board will expire on the 16th October, 1955.

A public court will be held at the residence of Mr. C. B. Brink, Brakboseiland, at 10 a.m. on Tuesday, 20th September, 1955, for the election of a member to replace the above-named outgoing member.

P. U. DE JAGER,
Assistant Magistrate.

Upington, 20th July, 1955.

✱ NOTICE No. 812 OF 1955.

SKEERPOORT IRRIGATION BOARD.

